



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2018

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer FIGUUR 1.1 wat 'n uittreksel uit 'n sinoptiese weerkaart van Suid-Afrika is.
- 1.1.1 Oor watter oseaan kom lugdrukstelsel **A** voor?
 - 1.1.2 Dui die weerverskynsel aan wat deur die verlengde isobare van lugdrukstelsel **A** ondervind word.
 - 1.1.3 Noem die lugdruk in gebied **C**.
 - 1.1.4 Benoem die hoogdrukstelsel by **C**.
 - 1.1.5 Is die weer wat met lugdrukstelsel **A** geassosieer word, stabiel of onstabiel?
 - 1.1.6 Beskryf die lugsirkulasie by weerstelsel **D** soos dit styg.
 - 1.1.7 Wat is die lugtemperatuur by weerstasie **F**?
 - 1.1.8 Beeld hierdie sinoptiese weerkaart somer- of wintertoestande uit?
(8 x 1) (8)
- 1.2 Bestudeer die dreineerbekke in FIGUUR 1.2 en pas die letters **A** tot **H** by ELKE beskrywing hieronder.
- 1.2.1 Hoogliggende gebied wat twee dreineerbekke van mekaar skei
 - 1.2.2 Die bolope of bron van 'n rivier
 - 1.2.3 'n Tweede-orde-stroom
 - 1.2.4 Waar twee of meer strome by mekaar aansluit, vorm dit 'n samevloeiing
 - 1.2.5 'n Sytak is 'n enkele stroom wat by 'n hoofrivier aansluit
 - 1.2.6 Die mond van 'n rivier vorm waar dit die see binnevloei
 - 1.2.7 Water wat ondergronds insyfer en die basisvloei van 'n rivier vorm
(7 x 1) (7)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die baan van 'n tropiese sikloon toon.
- 1.3.1 In watter algemene rigting beweeg tropiese siklone? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Watter bewyse dui daarop dat hierdie tropiese sikloon in die Suidelike Halfrond voorkom? (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Wat veroorsaak dat die gevaarlike kwadrant/halfsirkel vorm? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Gee EEN rede vir die moontlike terugbuiging (rigtingverandering) van die tropiese sikloon. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke die weer wat met die gevaarlike kwadrant/halfsirkel geassosieer word en die waarskynlike impak daarvan op kusstreke. (4 x 2) (8)
- 1.4 FIGUUR 1.4 toon 'n katabatiese wind in 'n vallei.
- 1.4.1 Kom hierdie wind bedags of snags voor? (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Watter rol speel aardstraling in die ontwikkeling van katabatiese winde? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Waarom word katabatiese winde met temperatuurinversies geassosieer? (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Gee 'n rede vir die posisie van stralingsmis in die vallei. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Verwys na die foto in FIGUUR 1.4 en verduidelik waarom 'n ontwikkelaar meer waarskynlik 'n vakansieoord halfpad teen die valleihang op sal bou. (2 x 2) (4)
- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat 'n vloedvlakte na verjonging toon.
- 1.5.1 Wat is 'n *vloedvlakte*? (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Watter bewys dui daarop dat verjonging plaasgevind het? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 In watter loop van die rivier is die vloedvlakte in die skets geleë? (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Vloedvlaktes is gewoonlik vir die verbouing van gewasse geskik.
- (a) Waarom is vloedvlaktes geskikte gebiede vir die verbouing van gewasse? (2 x 2) (4)
- (b) Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die negatiewe impak van verjonging op boerderyaktiwiteite in die geïllustreerde landskap. (4 x 2) (8)

- 1.6 Bestudeer FIGUUR 1.6 wat die lengteprofiel van 'n gegradeerde rivier toon.
- 1.6.1 Wat word met die term *basisvlak* van 'n rivier bedoel? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Waarom word die see as 'n permanente basisvlak beskou? (1 x 2) (2)
- 1.6.3 Watter bewys in FIGUUR 1.6 dui aan dat hierdie rivier gegradeer is? (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Waarom sal 'n verlaging in die seevlak die gradering van die rivier verander? (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Teken 'n eenvoudige lengteprofiel om die impak van die verlaging in die seevlak, in VRAAG 1.6.4 genoem, op die vorm van die lengteprofiel te toon. (1 x 2) (2)
- 1.6.6 Verduidelik hoe die interaksie tussen erosie en afsetting in die bo- en benedeloop van 'n rivier help om 'n gegradeerde profiel te handhaaf. (2 x 2) (4)
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 FIGUUR 2.1 toon 'n kuslaagdruksel (L) wat met bewegende versteurings geassosieer word.
- 2.1.1 Gebruik die isobare om te bewys dat L 'n laagdrukstelsel is.
- 2.1.2 Waar ontstaan laagdruksel L?
- 2.1.3 In watter rigting beweeg laagdruksel L tussen Langebaan en Kaapstad?
- 2.1.4 Watter tipe neerslag word met laagdruksel L langs die Weskus geassosieer?
- 2.1.5 Noem die lugtemperatuur wat met die aanlandige vloei van laagdruksel L by Langebaan geassosieer word.
- 2.1.6 Hoe roteer lug rondom laagdruksel L?
- 2.1.7 Met watter bewegende versteuring word die warm, droë noordoostelike wind geassosieer? (7 x 1) (7)

2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.9 A.

2.2.1 Water wat oor land teen 'n helling af vloei, staan as ... vloei bekend.

- A kanaal-
- B plaat-
- C turbulente
- D basis-

2.2.2 Die opgehefde oewers van 'n rivier as gevolg van aanhoudende oorstromings en afsetting is 'n ...

- A delta.
- B alluviale waaier.
- C levée/oewerwal.
- D meandermerk.

2.2.3 Ondergrondse water wat 'n rivier voed, staan as ... bekend.

- A laminêre vloei
- B infiltrasie
- C basisvloei
- D afloop

2.2.4 'n Rivier wat heeljaar vloei omdat die rivierbedding in die watertafel insny, is 'n ... rivier.

- A eksotiese
- B permanente
- C periodiese
- D episodiese

2.2.5 'n ... dreineerpatroon ontwikkel in die valleie tussen parallelle rûens of bergreekse.

- A Tralie-
- B Rotsbeheerde
- C Reghoekige
- D Radiale

2.2.6 Die rangskikking van strome in 'n dreineerbekken staan as die ... bekend.

- A dreineerpatroon
- B stroomorde
- C stroomdigtheid
- D stroomprofiel

- 2.2.7 Waar water oor 'n vertikale krans stort, vorm dit 'n ...
- A stroomversnelling.
 - B kloof.
 - C waterval.
 - D levée/oewerwal.
- 2.2.8 Waar dit lyk asof die rivier in baie kleiner stroompies opbreek, ontwikkel 'n ... stroomkanaalpatroon.
- A kronkelende
 - B rotsbeheerde
 - C gevlegte
 - D dendritiese
- (8 x 1) (8)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3, 'n deursnit van 'n middelbreedtesikloon.
- 2.3.1 Benoem front **A**. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 (a) Benoem wolktipe **B**. (1 x 1) (1)
- (b) Gee 'n rede vir die tipe wolk by **B** wat met hierdie weerstelsel geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Waarom beïnvloed die warm front (**D**) selde die weer van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Tabuleer TWEE verskille tussen 'n middelbreedtesikloon en 'n tropiese sikloon ten opsigte van die plek van oorsprong en die hoofwindgordel wat dit aandryf. (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Verduidelik waarom die volgende ontwikkelings stadium van hierdie middelbreedtesikloon 'n warmfrontokklusie sal wees. (2 x 2) (4)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat op binnelandse temperatuurinversie gebaseer is.
- 2.4.1 Wat is *temperatuurinversie*? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Watter seisoen word deur die posisie van die inversielaag in skets **A** verteenwoordig? (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Teken 'n eenvoudige deursnit wat die posisie van die temperatuurinversie in skets **B** sal toon. (2 x 1) (2)
- 2.4.4 Verduidelik waarom die posisie van die inversielaag tussen winter en somer sal verskil. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, evalueer die invloed van die posisie van die inversielaag in skets **A** op die klimaat en hoe dit 'n negatiewe impak op ekonomiese aktiwiteite in die binneland van Suid-Afrika het. (4 x 2) (8)

- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 oor dreineerdigheid.
- 2.5.1 Definieer die term *dreineerdigheid*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Watter bewys dui aan dat **A** 'n hoër dreineerdigheid as **B** het? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Bepaal die stroomorde by punt **X**. (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Waarom sal die stroomorde by punt **Y** hoër wees? (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Verduidelik die invloed van plantegroei op dreineerdigheid. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Soos stedelike ontwikkeling plaasvind, sal die dreineerdigheid van die omliggende natuurlike omgewing toeneem. Verduidelik waarom dit die geval is. (2 x 2) (4)
- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat op 'n rivierstelsel gebaseer is.
- 2.6.1 Definieer die begrip *rivierstelsel*. (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Watter doel dien die interfluviale rif/rivierskeiding by **A** in hierdie rivierstelsel? (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Watter bewys dui daarop dat **B** 'n dendritiese dreineerpatroon is? (1 x 2) (2)
- 2.6.4 Noem TWEE eienskappe van die onderliggende gesteentes in gebied **B**. (2 x 2) (4)
- 2.6.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy verduidelik waarom 'n kronkelende stroomkanaalpatroon gewoonlik in die benedeloop van 'n rivierstelsel aangetref word. (4 x 2) (8)

[75]

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

- 3.1 Verwys na FIGUUR 3.1 wat die stedelike profiel van 'n stad toon.
- 3.1.1 Benoem grondgebruiksone **A**.
 - 3.1.2 Benoem grondgebruiksone **F**.
 - 3.1.3 Watter grondgebruiksone beslaan die meeste ruimte?
 - 3.1.4 Is nywerheidsgebied **B** 'n ligte- of swaarnywerheidsgebied?
 - 3.1.5 Watter EEN van die twee residensiële gebiede (**C** of **D**) is waarskynlik die hoë-inkomste-gebied?
 - 3.1.6 Identifiseer grondgebruiksone **E**.
 - 3.1.7 Watter grondgebruiksone het die hoogste grondwaarde? (7 x 1) (7)
- 3.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.2.1 Die ontginning van grondstowwe is 'n (primêre/sekondêre) ekonomiese aktiwiteit.
 - 3.2.2 Die Suid-Afrikaanse ekonomie verskaf dienste en menslike vaardighede as 'n kommoditeit binne die (sekondêre/tersiêre) sektor.
 - 3.2.3 Die prosessering van grondstowwe word in die (sekondêre/tersiêre) sektor aangetref.
 - 3.2.4 Die (tersiêre/kwaternêre) sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie is hoofsaaklik by hoëtegnologiese navorsingsaktiwiteite betrokke.
 - 3.2.5 (Handelskwotas/Handelstariewe) is regulasies wat plaaslike boere teen goedkoper invoertariewe beskerm.
 - 3.2.6 (Grootskaalse/Kleinskaalse) boerdery is hoofsaaklik kommersieel van aard in Suid-Afrika.
 - 3.2.7 (Mielies/Koring) is die grootste grootskaalse gewas wat in Suid-Afrika verbou word.
 - 3.2.8 Suid-Afrika het die wêreld se grootste (goud/mangaan)-hulpbronne. (8 x 1) (8)

- 3.3 Voordat 'n boer 'n standplaas vir sy/haar plaas kies, sal die boer verskeie standplaas- en liggingsfaktore in berekening bring.
- 3.3.1 Onderskei duidelik tussen die terme *standplaas* en *ligging*. (2 x 1) (2)
- 3.3.2 Water kan beide 'n trekpleister of 'n afskrikmiddel wees wanneer 'n standplaas vir die plaasopstal gekies word. Verduidelik hierdie stelling. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Noem en bespreek EEN ander fisiese faktor wat 'n boer sal oorweeg wanneer hy/sy 'n standplaas vir 'n plaas kies. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Bespreek die rol van marktoeganklikheid as 'n liggingsfaktor wanneer 'n standplaas vir 'n plaas gekies word. (2 x 2) (4)
- 3.4 Bestudeer FIGUUR 3.4 wat die neiging van die landelike bevolking vanaf 2004 tot 2015 in Suid-Afrika toon.
- 3.4.1 Lewer kommentaar op die neiging van 2004 tot 2015 in die grafiek ten opsigte van mense wat in landelike gebiede in Suid-Afrika woon. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Watter persentasie Suid-Afrikaners het in 2015 in landelike gebiede gewoon? (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Gee 'n geprojekteerde persentasie vir die Suid-Afrikaanse landelike bevolking in 2018. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Watter impak sal die neiging in VRAAG 3.4.1 in die toekoms op landelike gebiede hê? (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Indien die neiging in VRAAG 3.4.1 voortduur, kan Suid-Afrika in die nabye toekoms 'n voedseltekort in die gesig staar. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke volhoubare maatreëls om volgehoue voedselsekerheid te verseker. (4 x 2) (8)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat statistiek met betrekking tot Wes-Kaap se uitvoerprodukte toon.
- 3.5.1 Noem EEN produk in FIGUUR 3.5 wat die primêre en sekondêre ekonomiese sektor verteenwoordig. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Watter primêre produk toon 'n toename in waarde nadat dit verwerk is? (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Bereken die totale inkomste uit die uitvoer van vars vrugte in die Wes-Kaap. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Waarom is vrugteverwerking so 'n groot bedryf in die Suidwestelike Kaap? (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Bespreek TWEE faktore wat die uitvoer van produkte uit die Wes-Kaap ondersteun. (2 x 2) (4)

- 3.6 Bestudeer FIGUUR 3.6, 'n foto van kleinskaalse boerdery.
- 3.6.1 Definieer die term *kleinskaalse boerdery*. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Watter bewys in die foto dui daarop dat hierdie kleinskaalse boere is? (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Waarom kan 'n mens sê dat hierdie kleinskaalse boere die grond intensief bewerk? (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Die winsgrens van die boere in die foto in FIGUUR 2.6 sal laag wees. Verduidelik hierdie stelling. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke die probleme wat kleinskaalse boere ervaar, soos in die foto gesien. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 4

- 4.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Landelike nedersettings met een hoof funksie	A	sentrale plek
4.1.2	'n Nedersetting wat uit 'n paar geboue bestaan wat deur een gesin bewoon word	B	kernnedersetting
4.1.3	'n Nedersettingspatroon waar geboue ver uit mekaar geplaas word	C	lineêr
4.1.4	Plaashuise wat langs 'n pad geleë is	D	kruispadnedersetting
4.1.5	'n Nedersetting wat in die stedelike behoeftes van die omliggende landelike gemeenskap voorsien	E	enkelfunksioneel
4.1.6	'n Nedersetting wat by 'n natuurlike deurgang in 'n bergreeks/-ketting ontwikkel	F	verspreid
4.1.7	'n Nedersettingspatroon wat beïnvloed word deur die manier waarop paaie by mekaar aansluit	G	geïsoleerde plaasopstal
		H	poortdorp

(7 x 1)

(7)

- 4.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.2.1 'n Konsentrasie van aktiwiteite, gewoonlik nywerhede na aan mekaar, staan as (agglomerasie/billike handel) bekend.
- 4.2.2 (Voedselsekerheid/Voedselonsekerheid) is wanneer mense nie hongersnood vrees nie omdat hulle toegang tot genoegsame voedsame kos het aangesien daar 'n balans tussen vraag en aanbod is.
- 4.2.3 Die totale waarde van goedere en dienste wat in een jaar in 'n land geproduseer word, staan as die (bruto nasionale produk/bruto binnelandse produk) bekend.
- 4.2.4 (NOS'e/ROI's) is nywerheidsgebiede wat ten doel het om ekonomiese groei aan te moedig deur nuwe beleggings vir nywerheids-ontwikkeling te lok en uitvoere te verhoog.
- 4.2.5 (Sagtevrugte/Suikerriet) is die dominante gewas wat in KwaZulu-Natal verbou word.
- 4.2.6 (Sosio-ekonomiese ongeregtigheid/Grondrestitusie) is wanneer almal nie gelyke toegang tot fasiliteite, hulpbronne en dienste in 'n spesifieke plek het nie.
- 4.2.7 Die uitruil van goedere en dienste tussen lande vir geldelike gewin staan as (tariewe/handel) bekend.
- 4.2.8 (Nywerheidsentralisasie/Nywerheidsdesentralisasie) is die proses wanneer nywerhede op die periferie of in landelike gebiede weg van die kern- stedelike gebiede geleë is. (8 x 1) (8)
- 4.3 Verwys na FIGUUR 4.3, 'n artikel oor grondhervorming.
- 4.3.1 Definieer die term *grondhervorming*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Waarom het die grondhervormingsprogram misluk, volgens die artikel? (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Bespreek kortliks TWEE faktore wat verduidelik waarom grondhervorming in Suid-Afrika noodsaaklik is. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek metodes wat die regering kan gebruik om die mense wat na grondhervorming hervestig is, te ondersteun. (4 x 2) (8)

4.4	FIGUUR 4.4 toon ongeregtighede wat met verstedeliking verband hou.		
4.4.1	Definieer die term <i>ongeregtigheid</i> .	(1 x 1)	(1)
4.4.2	Watter tipe ongeregtigheid word in die spotprent uitgebeeld?	(1 x 1)	(1)
4.4.3	Watter bewyse in die spotprent dui daarop dat die armes onregverdig behandel word?	(2 x 1)	(2)
4.4.4	Bespreek wat bedoel word met die frase: 'die ARMES ... kry hulle afvalprodukte'.	(2 x 2)	(2)
4.4.5	Verduidelik die impak van afvalprodukte op die gesondheid en omgewingswelstand van die armes.	(2 x 2)	(4)
4.4.6	Stel DRIE maniere voor waarop die geïllustreerde ongeregtigheid in stedelike gebiede opgelos kan word.	(3 x 2)	(6)
4.5	Ten opsigte van mynbou se bydrae tot 'n land se BBP, word Suid-Afrika vyfde op die wêreldranglys geplaas.		
4.5.1	Waarom word mynbou as 'n primêre aktiwiteit beskou?	(1 x 1)	(1)
4.5.2	Watter mineraal dra die meeste tot Suid-Afrika se BBP by?	(1 x 1)	(1)
4.5.3	Bespreek TWEE fisiese faktore wat mynbou in Suid-Afrika bevorder.	(2 x 2)	(4)
4.5.4	Stel EEN manier voor waarop Suid-Afrika arbeidskwessies kan oplos om sodoende sy posisie op die wêreldranglys te verbeter.	(1 x 2)	(2)
4.5.5	In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die ekonomiese belang van mynbou vir infrastruktuur- en nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.	(4 x 2)	(8)
4.6	Verwys na FIGUUR 4.6 wat bydraes tot Suid-Afrika se BBP toon.		
4.6.1	Watter ekonomiese aktiwiteit in FIGUUR 4.6 het die meeste tot Suid-Afrika se BBP bygedra?	(1 x 1)	(1)
4.6.2	Watter ekonomiese sektor het die meeste tot Suid-Afrika se BBP bygedra?	(1 x 1)	(1)
4.6.3	Verduidelik die primêre sektor se swak bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie.	(2 x 2)	(4)
4.6.4	Waarom is dit belangrik om die sekondêre sektor in Suid-Afrika te versterk?	(2 x 2)	(4)
4.6.5	Gee 'n rede vir die swak bydrae wat elektrisiteit, gas en water tot die tersiêre sektor gemaak het.	(2 x 2)	(4)
			[75]
		GROOTTOTAAL:	225



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12


GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2018

BYLAE


Hierdie bylae bestaan uit 10 bladsye.

FIGUUR 1.1: 'N SINOPTIESE WEERKAART VAN SUID-AFRIKA




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

FIGUUR 1.2: 'N DREINEERBEKKEN




[Aangepas uit <http://www.waterwise.co.za/export/sites/water-wise/images/water/catchment.jpg>]

FIGUUR 1.3: BAAN VAN 'N TROPIESE SIKLOON




[Bron: <http://about.metservice.com/assets/Learning-Centre/Mariners-Met-Pack-South-West-Pacific-ch5-Tropical-Cyclones.pdf>]

FIGUUR 1.4: 'N KATABATIESE WIND




[Bron: <http://fox41blogs.typepad.com/.a/6a0148c78b79ee970c019affe51c3d970c-500wi>]

FIGUUR 1.5: VLOEDVLAKTE NA VERJONGING




[Aangepas uit Pearson Education]

FIGUUR 1.6: LENGTEPROFIEL VAN 'N GEGRADDEERDE RIVIER




[Aangepas uit Yorkshiredalesrivertrust.com]

FIGUUR 2.1: 'N KUSLAAGDRUKSTELSEL




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

FIGUUR 2.3: 'N DEURSNIT VAN 'N MIDDELBREEDTESIKLOON




[Aangepas uit <http://isu.indstate.edu/ebermudez/hlth210/lesseightc.html>]

FIGUUR 2.4: BINNELANDSE TEMPERATUURINVERSIE




[Bron: <http://slideplayer.com/slide/10180352/34/images/96/3.+High+Pressure+Systems.jpg>]

FIGUUR 2.5: DREINEERDIGTHEID




[Aangepas uit <http://www.civil.northwestern.edu/people/dowding/airphoto/scan/a2a.gif>]

FIGUUR 2.6: 'N RIVIERSTELSEL



[Aangepas uit ecoursesonline.iasri.com]

FIGUUR 3.1: STEDELIKE PROFIEL



[Aangepas uit www.learnmindset.co.za]

FIGUUR 3.4: LANDELIKE BEVOLKING (2004–2015)



[Bron: <http://www.tradingeconomics.com/south-africa/rural-population-percent-of-total-population-wb-data.html>]

FIGUUR 3.5: WES-KAAPSE UITVOERPRODUKTE

TOP 10 WES-KAAPSE UITVOERPRODUKTE	
	1 Geraffineerde Petroleum ZAR18,2 mjd.
	2 Sitrus ZAR8,6 mjd.
	3 Wyn ZAR8,6 mjd.
	4 Appels en Pere ZAR6 mjd.
	5 Druive ZAR6 mjd.
	6 Yster en Staal ZAR3 mjd.
	7 Vrugtesap ZAR2,2 mjd.
	8 Gedroogte Vrugte en Neute ZAR2,1 mjd.
	9 Tabak ZAR1,8 mjd.
	10 Masjienonderdele ZAR1,6 mjd.

[Bron: http://www.wesgro.co.za/pdf_repository/0077%20Wesgro_Investment%20Folder_004.1%20SP%20new.pdf]

FIGUUR 3.6: KLEINSKAALSE BOERDERY

[Bron: <https://www.google.co.za/search?q=subsistence+farming&source=lnms&>]

FIGUUR 4.3: GRONDHERVORMING

**SUID-AFRIKA SE GRONDHERVORMINGSPOGINGS
FOKUS TE MIN OP SUKKELENDE BOERE**

Suid-Afrika se grondhervormingsprogram gaan gebuk onder baie mislukkings, en die begunstigdes het in baie gevalle min of geen verbeteringe in hulle lewensbestaan gesien nie. Grondhervorming bly 'n onopgeloste historiese grief.

Oor die algemeen stem almal saam dat grondhervorming misluk het en bespoedig moet word. Navorsing toon dat tussen 70% en 90% van die projekte (grondrestitusieprojekte ingesluit) misluk het. Die regering moet sy beleid om eenvoudig grond vir herverdeling te bekom, heroorweeg. Maatreëls moet getref word om seker te maak dat herverdeelde grond produktief gebruik word.

As grondhervorming voortgaan om die huidige patroon te volg, is die vooruitsigte daarvan gedoem. Dit is die regering se plig om toe te sien dat selfonderhoudende boere opgelei word deur ondersteuning na vestiging te verskaf.

[Aangepas uit <http://mg.co.za/article/2016-12-06-south-africas-land-reform-efforts-lack-a-focus-on-struggling-farmers>]

FIGUUR 4.4: ONGERECHTIGHEDE IN STEDELIKE GEBIEDE



[Bron: <https://s-media-cache-ak0.pinimg.com/originals/ca/ab/c7/caabc75946c2e1260c536d4081908cce.jpg>]

FIGUUR 4.6: BYDRAE VAN GESELEKTEERDE EKONOMIESE AKTIWITEITE TOT SUID-AFRIKA SE BBP

EKONOMIESE AKTIWITEIT	BYDRAE
Landbou, bosbou en vissery	2,2%
Mynbou en uitgrawings	4,9%
Vervaardiging	15,2%
Elektrisiteit, gas en water	1,8%
Konstruksie	3%
Finansies, eiendomme en besigheidsdienste	21,5%
Algemene regeringsdienste	13,7%

[Bron: <https://www.brandsouthafrica.com/investments-immigration/economynews/sa-economy-key-sectors>]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 225


Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|-------|--|-------------|
| 1.1 | 1.1.1 | Atlantiese Oseaan (1) | |
| | 1.1.2 | Inwigging (1) | |
| | 1.1.3 | 1021 hPa/mb (1) | |
| | 1.1.4 | Suid-Indiese/Mauritius Hoogdrukssel/Antisikloon (1) | |
| | 1.1.5 | Stabiel (1) | |
| | 1.1.6 | Kloksgewys (1) | |
| | 1.1.7 | 25 °C (1) | |
| | 1.1.8 | Somer (1) | (8 x 1) (8) |
| 1.2 | 1.2.1 | A (1) | |
| | 1.2.2 | F (1) | |
| | 1.2.3 | C (1) | |
| | 1.2.4 | D (1) | |
| | 1.2.5 | E (1) | |
| | 1.2.6 | B (1) | |
| | 1.2.7 | G (1) | (7 x 1) (7) |
| 1.3 | 1.3.1 | Wes (1)
Weswaarts (1)
Oos na Wes/Suidwes (1)
[ENIGE EEN] | (1 x 1) (1) |
| | 1.3.2 | 10°S/suid van die ewenaar (1)
Baan van die tropiese Storm is oos na suidwes (1)
Gevaarlike kwadrant is aan die linker onderkant/suidwestelike kwadrant van die stelsel (1)
Stygende lug roteer kloksgewys (1)
[ENIGE TWEE] | (2 x 1) (2) |

- 1.3.3 Die voorwaartse beweging van die stelsel en die windrigting is stelsel beweeg in dieselfde rigting en kombineer (2)
Die sterk winde in die sikloon kombineer met die krag van die hele stelsel en beweeg vorentoe in hierdie kwadrant/semi-sirkel (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Word deur Westewinde gedeflekteer (2)
Antisikloniese sirkulasie in die Suidelike Halfrond mag die sikloon deflekteer (2)
Tropiese oostewinde verswak (2)
Veranderinge/verskille in seetemperature (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.5 **VERWAGTE WEER EN DIE IMPAK DAARVAN OP KUSGEBIEDE**
Aanhoudende swaar reënval/stormvloede:
 - sal tot oorstromings van kusgebiede lei (2)
 - sal infrastruktuur beskadig (2)
 - vernietiging van gewasse/lewende hawe (2)
 - beserings/lewensverlies (2)
 - vernietiging van kugemeenskappe en -ekonomie (2)
 - vrugbare bogrond verspoel (2)
 - maak dit moeilik vir skepe om in die hawe anker te gooi (2)
Storm-/orkaansterktewinde:
 - sal dakke beskadig (2)
 - sal plantegroei langs kusstreke vernietig (2)
 - kan tot stormvloede lei (2)
 - mag tot kragonderbrekings lei en ander dienste in kusstreke onderbreek (2)
Hoë watervlakke maak dit onmoontlik om te swem (2)
Stormtoestande:
 - het 'n nadelige impak op ekosisteme (2)
 - het 'n negatiewe impak op toerisme (2)
Positief:
 - Swaar reënval is 'n bron van water vir kusstreke (2)
 - Sterk winde waai besoedeling/rookmis weg (2)
[ENIGE VIER IMPAKTE VERDUIDELIK] (4 x 2) (8)
- 1.4 1.4.1 Snags (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Aardstraling wat tot die afkoeling van die aardoppervlak lei (2)
Koue aardoppervlak is nodig om lug af te koel om tot die ontwikkeling van 'n koue, hellingdalende wind aanleiding te gee (2)
Die koel lug op die verkoelde aardoppervlak word swaar/dig en rol natuurlik teen die helling af (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Koue lug daal na die valleibodem toe en forseer die warm wat in die vallei was om te styg (2)
Warm lug rus op die koue lug (2)
Dit lei tot 'n toename in temperatuur met hoogte (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)


- 1.4.4 Die atmosfeer in die laer gedeeltes van die vallei koel af tot onder doupunt-temperatuur (2)
Kondensasie vind in die laer gedeeltes van die vallei plaas (2)
Klein, sigbare waterdruppeltjies vorm stralingsmis in die laer gedeeltes van die vallei (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Die nedersetting sal bo die stralingsmis geleë wees (2)
Daar sal nie vogtigheid wees nie (2)
Onbelemmerde uitsig oor die vallei (2)
In die warm termiese gordel geleë (2)
Kry maksimum insolasie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.5 1.5.1 'n Wye oop gebied wat langs die oewers van die rivier aangetref word/Groot gelyk gebied wat laangs die oewers van die rivier voorkom (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Ontwikkeling van terrasse langs die rivier (1)
Ontwikkeling van 'n vallei in 'n vallei (1)
'n Nuwe vloedvlakte het ontwikkel (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Benedeloop (1)
(Aanvaar verouderde stadium) (1 x 1) (1)
- 1.5.4 (a) Bestaan uit vrugbare slikafsettings wat verbouing van gewasse bevoordeel (2)
Langs rivier met maklike toegang tot water (2)
Vloedvlakte het plat oppervlakte wat verbouing vergemaklik/gebruik van masjienerie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- (b) Met vernuwing kerf die rivier in die bestaande vloedvlakte in en 'n nuwe vloedvlakte vorm (2)
Elke keer word die vloedvlakte nouer (2)
Minder ruimte word gelaat om gewasse te verbou (2)
Die ouer terrasse is nou te hoog bo die water om gebruik te word (2)
Ou terrasse minder vrugbaar omdat dit nie meer oorstrom word nie (2)
Geen afsetting van vrugbare sediment nie (2)
Moeilik om masjiene te gebruik (2)
Lei tot 'n verlaagde oes (2)
Lei tot 'n verlaging in inkomste (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

- 1.6 1.6.1 Dit is die laagste vlak waartoe 'n rivier kan erodeer (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Die land kan nie laer as seevlak erodeer nie (2) (1 x 2) (2)
- 1.6.3 Die profiel het 'n gladde, konkawe vorm (2)
Geen tydelike erosiebasisvlakke sigbaar nie (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.6.4 As gevolg van 'n verandering in die seevlak word die rivier steiler (2)
Die rivierprofiel is nie meer glad nie (2)
'n Nuwe knakpunt ontwikkel waar die ou seevlak en die nuwe ontblote
seevloer mekaar ontmoet (2)
Hernieude energie begin ook die nuwe knakpunt stroomop te erodeer (2)
Rivierprofiel word multi-konkaaf (2)
'n Tydelike erosiebasis sal in die loop van die rivier ontwikkel (2)
Rivier word ondergegradeer (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.6.5  (1 x 2) (2)
- 1.6.6 Erosie domineer in die bloop en verwyder alle obstruksies (soos watervalle
en stroomversnellings) in die bloop (2)
Geërodeerde materiaal word in die benedeloop afgeset (2)
Die balans tussen erosie en afsetting skep 'n konkawe profiel (2) (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Lugdruk neem af na die middel toe/Laagste waarde in die middel (1)
- 2.1.2 Langs die weskus van Suid-Afrika (1)
- 2.1.3 Suidwaarts/Suid-suidooswaarts (1)
- 2.1.4 Mis (1)
- 2.1.5 20°C (1)
- 2.1.6 Kloksgewys (1)
- 2.1.7 Bergwinde (1) (7 x 1) (7)
- 2.2 2.2.1 B/plaatvloei (1)
- 2.2.2 C/oewerwal (1)
- 2.2.3 C/basisvloei (1)
- 2.2.4 B/permanent (1)
- 2.2.5 A/tralie (1)
- 2.2.6 A/dreineerpatroon (1)
- 2.2.7 C/waterval (1)
- 2.2.8 C/gevlegte (1) (8 x 1) (8)
- 2.3 2.3.1 Koue front (1) (1 x 1) (1)
- 2.3.2 (a) Cumulonimbuswolke (1) (1 x 1) (1)
- (b) Snelle opheffing van warm lug en grootskaalse kondensasie (2)
(1 x 2) (2)
- 2.3.3 Te ver suid van die land (2) (1 x 2) (2)
- 2.3.4
- | | Middelbreedte sikloon | Tropiese sikloon | |
|---------------------------|--|----------------------------|-----|
| Plek van oorsprong | 30° - 60°N/S (Poolfront)
Middelbreedtes | 5°- 30°N/S
Lae breedtes | (2) |
| Windgordel | Westewind | Oostewind | (2) |
- [Moet die verskil wys om TWEE punte te kry]** (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Die koudste lug is voor die warm front (2)
Dit veroorsaak dat koel lug agter die koue front opgehef word (2) (2 x 2) (4)

- 2.4 2.4.1 'n Toename in temperatuur met 'n toename in hoogte (1)
Negatiewe temperatuurverval (1)
[KONSEP]
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Winter (1) (1 x 1) (1)
- 2.4.3  (2 x 1) (2)
1 punt vir teken van platorand
1 punt vir teken van inversielaag hoër as die platorand
- 2.4.4 **In Somer**
Bolug atmosfeer warmer (2)
Warmer lug is ligter en minder dig (2)
Warm stygende lug van die verhitte aardoppervlak kan die inversielaag hoër op forseer (2)
Kalahari Hoog is swak ontwikkel (2)
- In Winter**
Die Kalahari Hoog domineer oor die Suid-Afrikaanse binneland (2)
Bolugtemperatuur is kouer (2)
Koue lug is swaarder en meer dig en dit forseer die inversielaag afwarts tot benede die platorand (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.4.5 **KLIMAAT**
Geen vogtige lug kan die binneland bereik nie (2)
Bepaalde kondensasie lei tot geen wolkvorming/wolklose toestande (2)
Daar sal 'n gebrek aan reënval wees (2)
Gebrek aan wolke verhoog aardstraling en ryp mag voorkom (2)
Stabiele toestande heers (2)
Op die oog af lyk dit of droogtoestande voorkom (2)
- EKONOMIESE AKTIWITEITE**
Beperk gewasverbouing as gevolg van reënvaltekort (2)
Slegs rypbestande gewasse kan verbou word (2)
Seisoenale arbeiders sal verlaagde inkomste hê, want in die winter is daar nie voldoende werkseleenthede nie (2)
Riviere verdroog en beïnvloed ontspanningsaktiwiteite wat toerisme verminder (2)
Minder water sal op nywerheidsaktiwiteite impakteer (2)
Bepaalde kragvoorsiening weens minder hidro-elektriese krag wat in die nasionale netwerk ingevoer word (2)
[ENIGE VIER. MOET NA KLIMAAT EN EKONOMIE VERWYS] (4 x 2) (8)

- 2.5 2.5.1 Dreineerdigtheid is die totale lengte van die strome in 'n dreineerbekken verdeel deur die totale oppervlak van die bekken/ Die verhouding tussen die lengte van die strome in 'n dreineerbekken en die grootte van die dreineerbekken (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 2.5.2 **A** het meer sytakke as in **B** wat dieselfde grootte het (1)
Die totale lengte van die strome by **A** is langer as dié van **B** wat dieselfde grootte is (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 2.5.3 2^{de} orde (2) (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Daar is meer klein stroompies wat bymekaar aansluit wat die dreineerdigtheid verder stroomaf verhoog (2) (1 x 2) (2)
- 2.5.5 **'n Groot hoeveelheid** plantegroei sal die dreineerdigtheid verlaag, want water word deur die plantegroei vasgekeer en dit kan nie as oppervlakafloop vloei nie (2)
Daar sal minder strome wees, want die plantegroei vertraag die afloop van water (2)
Omdat plantegroei afloop vertraag vind meer infiltrasie plaas en oppervlakafloop verminder (2)
- OF**
- 'n Klein hoeveelheid** plantegroei sal die dreineerdigtheid verhoog, want water word nie deur plante vasgekeer nie en dit kan as oppervlakafloop vloei (2)
Daar sal meer strome wees, want plantegroei vertraag nie die afloop van water nie (2)
Omdat plantegroei nie die afloop vertraag nie, word infiltrasie verminder en meer water is beskikbaar om oppervlakafloop te bevorder (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Infiltrasie van water in stedelike gebiede word beperk omdat daar so baie kunsmatige oppervlaktes is (2)
Toename in oppervlakafloop in stedelike gebiede a.g.v kunsmatige oppervlaktes (2)
Die water wat nuwe stedelike gebiede bereik, word deur stormwater-afvoerpype na die gebiede rondom die stedelike gebiede weggevoer (2)
Daar is nou meer water in hierdie gebiede om strome te vorm wat die dreineerdigtheid laat toeneem (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.6 2.6.1 Die hoofstroom en al sy sytakke (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Skei twee sytakke in die dieselfde dreineerbekken van mekaar (1) (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Sytakke wat by die hoofstroom aansluit, laat dit soos die takke van 'n boom lyk (2)
Sytakke sluit teen skerphoeke by die hoofstroom aan (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

- 2.6.4 Rotse is eenvormig weerstandbiedend teen erosie (2)
Geassosieer met óf massiewe stollingsgesteentes óf met horisontale stollingsgesteentes (2) (2 x 2) (4)

2.6.5 **BENEDELOOP**

Die gradiënt is geleidelik (2)

Die rivier ontwikkel 'n toestand van dinamiese ekwilibrium (2)

Die rivier begin van kant tot kant swaai (2)

Vertikale erosie is beperk en die surplus energie word gebruik om lateraal te erodeer (2)

Die stroomsnelheid het verminder en die rivier verloor energie (2)

Die drakrag van die rivier neem af en materiaal word afgeset (2)

Afgesette materiaal vorm onreëlmatighede in die rivierkanaal (2)

Hierdie onreëlmatighede/afsettings deflekteer die rivier van kant tot kant (2)

As die kronkeling eers begin het hou die aan omdat die rivier die pad van minste weerstand volg (2)

[ENIGE VIER]

(4 x 2) (8)

[75]

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-
AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE****VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 Sentrale Sakekern (SSK) (1)
- 3.1.2 Oorgangsone (1)
Vervalsone (1)
[ENIGE EEN]
- 3.1.3 Residensieel (1)
- 3.1.4 Ligte nywerhede (1)
- 3.1.5 D (1)
- 3.1.6 Landelik-stedelike oorgangsone (1)
Groengordel (1)
[ENIGE EEN]
- 3.1.7 A/Sentrale Sakekern (SSK) (1) (7 x 1) (7)
- 3.2 3.2.1 primêr (1)
- 3.2.2 tersiêr (1)
- 3.2.3 sekondêr (1)
- 3.2.4 kwaternêr (1)
- 3.2.5 Handelstariewe (1)
- 3.2.6 Grootskaal (1)
- 3.2.7 mielies (1)
- 3.2.8 goud (1) (8 x 1) (8)
- 3.3 3.3.1 Standplaas verwys na die presiese posisie wat vir die nedersetting gekies is (1)
Ligging verwys na hoe die standplaas gekies is in verhouding net die omliggende landskap (1)
[KONSEP] (2 x 1) (2)
- 3.3.2 Waar water skaars is sal die plaasopstal naby aan die waterbron geleë wees/nat standplaas nedersetting (2)
Waar water 'n bedreiging is sal die plaasopstal verder weg van die water geleë wees, bv. gevaar van oorstromings/droë standplaas nedersetting (2)
(2 x 2) (4)

3.3.3 Topografie/Reliëf (2)

Die gradiënt van die helling sal die tipe boerdery wat op die standplaas beoefen word beïnvloed (2)

Gelyk gebied makliker om te bwerk (2)

Daar is minder erosie op gelyk grond (2)

Grond (2)

Die tipe grond bepaal die tipe gewasse wat op die standplaas van die plaas verbou sal word (2)

Vrugbare grond verhoog produksie (2)

Mikroklimaat (2)

Hellings in die skadusone word vermy a.g.v. gebrekkige sonlig (2)

Hellings wat in die suidelike halfgrond noordwaarts front word verkies, want dit ontvang meer sonlig en dit is goed vir bwerking (2)

[ENIGE TWEE – MOENIE WATER AANVAAR NIE] (2 x 2) (4)

3.3.4 Toegang tot die mark om produkte te verkoop (2)

Toegang tot winkels om voorrade aan te koop (2)

Toegang tot banke en dienste (2)

Om op reistyd en brandstofkoste te bespaar (2)

Bederfbare goedere wat op plase geproduseer word moet naby aan die mark wees (2)

[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 Die neiging toon 'n afname in die aantal landelike mense (1) (1 x 1) (1)

3.4.2 35,20 % (1) (1 x 1) (1)

3.4.3 Minder as 35% (2) (1 x 2) (2)

3.4.4 Landelike ontvolking (2)

Landelike sal nie langer in terme van groei en ontwikkeling volhoubaar wees nie (2)

'n Gebrek aan belegging in landelike ontwikkelingsprojekte (2)

Lewenskwaliteit neem af (2)

Basiese dienste soos winkels en skole maak toe (2)

Produksie neem af, want daar is minder mense (2)

Spookdorpe ontwikkel (2)

Jong mense sal waarskynlik na stedelike gebiede toe verhuis (2)

Bevolking verouder (2)

Siklus van armoede word nie verbreek nie (2)

Minder veilig om in te bly (2)

[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 3.4.5** Moedig beleggings in landelike ontwikkelingsplaasprojekte aan (2)
 Ontwikkel plaasskole en -kolleges (2)
 Verbeter vaardighede en verskaf opleiding aan boere (2)
 Meer navorsing om voedselproduksie te verbeter (2)
 Toegang tot waterbesparings besproeiingskemas (2)
 Wateroordragskemas om boerdery in droë gebiede te verseker (2)
 Verbeterde plaasimplimente (2)
 Gee aan mense grond om te kan boer (2)
 Voorsien toelaes/lae rentekoerslenings aan boere (2)
 Toegang tot versekering teen gewasverliese (2)
 Toegang tot hibriede/geneties aangepaste saad (2)
 Plant droogtebestande gewasse (2)
 Beweeg weg daarvan om enkelgewasse te plan en plant verskeidenheid van gewasse (2)
 Berg surplusse vir tye van tekorte (2)
 Beskerm boere om plaasmoorde te verminder (2)
 [ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 3.5 3.5.1 Primêr: sitrus (1) appels en pere (1) druie (1) tabak (1)
Sekondêr: geraffineerde petroleum (1) wyn (1) yster en staal (1)
 masjienonderdele (1) vrugtesap (1) gedroogde vrugte en neute (1)
 [ENIGE EEN PRIMÊRE EN SEKONDÊRE] (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Druie (2) (1 x 2) (2)
- 3.5.3 R20,6 Miljard (2) (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Vrugte is die hoofgrondstof wat in die voedselverwerkingsbedryf gebruik word (2)
 Klimaat geskik vir druieboerdery (die maak van wyn) (2)
 Verskeidenheid van vrugte is geskik om in hierdie gebied verbou te word (2)
 Groot arbeidsmag beskikbaar en vrugteboerdery benodig hande arbeid (2)
 Daar is 'n gebrek aan minerale in die Weskaap daarom is hulle afhanklik van vrugte as 'n grondstof (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Hawefasiliteit en -infrastruktuur om na markte in die wêreldmark uit te voer (2)
 'n Hoogs effektiewe kratverskepingsfasiliteit is beskikbaar in die hawe (2)
 Verkoelingskrate om vrugte na die buiteland toe uit te voer (2)
 Kaapstad Internasionale Lughawe verskaf skakels na die grootste ekonomieë in die weste (2)
 Topgehalte produkte word verbou vir uitvoer (2)
 Groter aanvraag na die produkte in die Noordelike Halfrondlande tydens die Suid-Afrikaanse groeiseisoen (2)
 Meeste nywerhede is gevestig en gemeganiseer (2)
 Pad en spoorverbindings verbeter vervoernetwerke na die res van Suid-Afrika toe (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 3.6 3.6.1 Om op 'n klein stukkie grond te boer (kommersiëel of bestaan) (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Klein lappie grond (1)
Hande arbeid (1)
Tradisionele boerderymetodes (1)
Geen meganisering sigbaar nie (1)
Verskeidenheid gewasse/gemengde boerdery (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Elke beskikbare stukkie grond word bewerk (2)
Geen oop grond (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.6.4 'n Klein lappie grond word bewerk (2)
Daar is baie boere op die grond (2)
Wins/klein oeste moet onder almal verdeel word (2)
Van die produkte word gebruik om hulself en hul gesinne te onderhou (2)
Boere verbou minder (2)
Die produkte oor die algemeen van 'n laer kwaliteit a.g.v gebrek aan bemestingstowwe en die impak van peste (2)
Die boere het nie toegang tot formele markte om hulle produkte te verkoop nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.6.5 **PROBLEME WAT DEUR KLEINSKAAL BOERE ONDERVIND WORD**
Beperk tot hande arbeid (2)
Beperk tot die gebruik van eenvoudige plaasimplemente (2)
Gebrekkige kennis van wetenskaplike boerderymetodes (2)
Gewasse word per hand/gieters natgelei (2)
Moontlike diefstal van produkte (2)
Voëls en insekte word na die land gelok (2)
Oorgebruik van grond laat die vrugbaarheid afneem (2)
Oeste word met verloop van tyd minder (2)
Beperkte/geen toegang tot geld om saad/bemesting en ander voorrade aan te koop nie (2)
Geen versekering teen gewasverliese nie (2)
Natuurrampe soos oorstromings en droogtes lê die boer lam (2)
Die grond is onvrugbaar (2)
Minder grond vir boerdery verminder produktiwiteit (2)
Kry nie 'n groot wins/Klein winsgrens (2)
Blootgestel aan weerselemente (2)
Fisiese gesondheid van mense lei daaronder (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 E/enkelfunksioneel (1)
- 4.1.2 G/geïsoleerde plaasopstal
- 4.1.3 F/verspreid (1)
- 4.1.4 C/lineêr (1)
- 4.1.5 A/sentrale plek (1)
- 4.1.6 H/poortdorp (1)
- 4.1.7 D/kruispadnederstelling (1) (7 x 1) (7)
- 4.2 4.2.1 agglomerasie (1)
- 4.2.2 Voedsekerheid (1)
- 4.2.3 Bruto Binnelandse Produk (1)
- 4.2.4 NOS'e (1)
- 4.2.5 Suikerriet (1)
- 4.2.6 Sosio-ekonomiese ongeregtigheid (1)
- 4.2.7 handel (1)
- 4.2.8 Nywerheidsentralisasie (1) (8 x 1) (8)
- 4.3 4.3.1 'n Proses om die ongeregtighede van verplasing en gedwonge verwydering
wat tydens Apartheid voorgekom het aan te spreek (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Die begunstigdes het weinig of geen verbetering in hulle
lewensomstandighede gesien nie (1)
Herverdeelde grond word nie produktief gebruik nie (1)
Suid-Afrika se grondhervormingsproses fokus nie op sukkelende boere nie
(1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

- 4.3.3 Om ekonomiese groei van diegene wat benadeel is aan te moedig (2)
 Om selfonderhoudende boere te ontwikkel (2)
 Om ongeregthede van die verlede aan te spreek (2)
 Die nalatenskap van Apartheid het die onregverdige verspreiding van grond gedomineer en grondhervorming wil dit regstel (2)
 Nasionale versoening (2)
 Deur voedselproduksie in die voorheen randgemeenskappe van die bevolking te verbeter (2)
 Grondhervorming sal mense help om toegang tot grond te verkry (2)
 Om armoede te verlig, want die meeste gemeenskappe het tydens Apartheid op gemeenskaplike grond gewoon (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.3.4 **POST-NEDERSETTING HULP VIR DIE GRONDHERVORMINGSPROSES**
 Hersien grondhervormingsbeleide (2)
 Maatreëls om te verseker dat herverdeelde grond produktief gebruik word (2)
 Insluiting van plaaslike gemeenskappe om behoeftes deur konsultasie te bepaal (2)
 Vestiging van opleidingsentra in hierdie nedersettings om die gemeenskappe se vaardighede te verbeter (2)
 Opleiding en ontwikkeling in moderne boerderymetodes (2)
 Hersien die beleide van grondaankope (2)
 Subsidieer kleinskaalse boerderygemeenskappe om hulle aan te moedig tot die koop en verkoop van hulle produkte (2)
 Skep markgebiede vir handel (2)
 [ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 4.4 4.4.1 Ongeregtigheid beteken iets wat onregverdig is en 'n persoon se menseregte skend (1)
 [KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Sosiale OF Omgewingsongeregtigheid (1) (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Armes bly naby aan die fabriek (2)
 Beïnvloed deur besoedelingsdeeltjies (2)
 Naby aan die uitvloeï wat vrygestel word (2)
 Naby aan die rommelstorting (2)
 'Die armes kry die afvalprodukte van die rykes' (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 4.4.4 Die afvalprodukte (uitvloeï/rommelstorting) word hoofsaaklik in die gebiede waar die armes woon gestort (2) (1 x 2) (2)

4.4.5 Gesondheid

Die lugbesoedeling sal gesondheidsprobleme soos asma/asemhalings-/longsiektes tot gevolg hê (2)

Blootstelling aan giftige stowwe (2)

Hoër mediese rekeninge vir die armes (2)

Slegte reuke en siektes a.g.v. die rommelstorting (2)

Rotplae (2)

Omgewing

Surreë (2)

Geraasbesoedeling vanaf die fabriek (2)

Onooglike omgewing (2)

Besoedelde uitvloeï word in die riviere ingepomp (2)

[ENIGE TWEE – EEN vir gesondheid en EEN vir omgewing] (2 x 2) (4)

4.4.6 Streng wetgewing om te verseker die omgewingsongeregtighede laat plaasvind word gestraf (2)

Vestig goed-beheerde stortingsterreine in alle gemeenskappe om die vloei van afval te kanaliseer en besoedeling te verminder (2)

Herwinning van afvalprodukte (2)

Rehabiliteer riviere (2)

Meer polisiëring en beheer monitering omgewingsbestuurpraktyke en die kwaliteit van die omgewing met omsigtigheid (2)

Boetes aan besoedelaars en onwettige storting (2)

Voldoende sonering (hervestig die armes) om vullis in of naby aan nedersettings te stort (2)

Munisipale wette moet gepolisieer en toegepas word (2)

Mense moet opgevoed word oor omgewingsongeregtighede (2)

Stel bewusmakingsveldtogte in (2)

[ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)

4.5 4.5.1 Onttrekking van grondstowwe uit die grond (1) (1 x 1) (1)

4.5.2 Goud (1) (1 x 1) (1)

4.5.3 Ryk mineraalafsettings in Suid-Afrika (2)

Verskeidenheid minerale in Suid-Afrika (2)

Gunstige geotermiese gradiënte (2)

Meeste minerale deur oopgroefmetodes ontgin – risiko's word verminder (2)

Meeste minerale is naby aan die oppervlak geleë (2)

Die kwaliteit van minerale is van hoogstaande gehalte (2)

[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 4.5.4 Verseker beter ekonomiese klimaat om arbeidsvrede te handhaaf (2)
Verbeter omstandighede vir arbeidsonderhandelinge (2)
Skep meer kollektiewe onderhandelingsforums om byvoordele en werksomstandighede van mynerwerkers te verseker (2)
Verbeter salarisaanpassings in lyn met CPI (2)
Verbeter mediese bystand aan arbeiders (2)
Verbeter behuisingstoelae (2)
Laat werkers toe om aandele in die maatskappy te besit (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 4.5.5 **EKONOMIESE IMPAK VAN MYNBOU OP:**
Infrastruktuur
Mynbou moedig die groei en ontwikkeling van vervoernetwerke bv. pad en spoor aan (2)
Mynbou benodig meer en effektiewe energieverbruik en dit verbeter die elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk (2)
Kragverskaffingsfasiliteite word in meer afgeleë landelike gebiede gevestig en dit bevoordeel rantgemeenskappe (2)
Inligtings- en kommunikasienetwerke bv. selfoonnetwerke/internet/konnektiwiteit word verbeter (2)
Telekommunikasienetwerke word verbeter (2)
Nywerheidsontwikkeling
Verwante nywerhede en nywerheidsontwikkeling a.g.v. mynbougroei soos wat gemeenskappe rondom die myn ontwikkel (2)
Geleenthede om waarde tot die meeste minerale in SA by te voeg bestaan bv. die ontginning van ystererts het smelterye laat ontwikkel (2)
Meer werksgeleenthede vir groei en ontwikkeling bestaan in nywerhede wat mynboutoerusting verskaf (2)
[ENIGE VIER. MOET BEIDE INFRASTRUKTUUR EN NYWERHEIDS-ONTWIKKELING INSLUIT] (4 x 2) (8)
- 4.6 4.6.1 Finansies/Eiendomme/Besigheidsdienste (1) (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Tersiër (1) (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Onverwerkte produkte het 'n laer waarde (2)
Sekondêre (2) en tersiêre sektore (2) groei vinniger
'n Groter aanvraag na verwerkte goedere as na grondstowwe (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.6.4 Verskaf werksgeleenthede aan geskoolde, semi-geskoolde en ongeskoolde arbeid (2)
Verwerkte goedere het 'n groter winsgrens/verhoogde inkomste (2)
Ons hoef nie so baie produkte in te voer nie (2)
Groter bydra tot die BBP (2)
Stimuleer infrastruktuurontwikkeling (2)
Meer stabiele bron van inkomste i.v.m. die primêre sektor (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 4.6.5 Swak onderhoud van infrastruktuur wat tot vermorsing van water lei (2)
Oneffektiewe bestuur en korrupsie binne hierdie dienste (2)
Onwettige elektrisiteitskonneksies (2)
Groot vlakke van subsidiëring van die armes (vir water en elektrisiteit) lei tot klein winste in hierdie sektore (2)
Volgehoue hoë vlakke van nie-betalings vir hierdie dienste (2)
Beurtkrag (2)
Watertekort in 'n droogte geteisterde land (2)
Waterbeperkings (2)
Onvoldoende geldverhaling vir dienste wat gelewer is (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
[75]

GROOTTOTAAL: 225